# Huisgeloof

DINK JEUG Families

**Profete**

## 1 Begin hier

Die Bybel is soms soos 'n paar pantoffels en 'n koppie warm sjokolademelk wat jou troos en bemoedig op 'n wintersdag. Soms is dit eerder soos 'n paar tekkies en 'n energiedrankie wat jou 'n hupstoot gee om aksie te neem!

As ons profeteboeke in die Bybel lees, is daar tekste wat oordeel (kom tot aksie) en ander tekste wat troos (hou aan hoop). Ons kan nie die een sonder die ander een lees nie.

Hoekom is dit so, dink jy?

## 2 Lees

**Jer 1:4-10, Jes 58:9-14**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Lees die gedeelte oor die profeet Jeremia se roeping. Hoe sou jy reageer?
- Die profete moes mense waarsku. Wat het hulle verkeerd gedoen?
- Die profete moes ook beloftes en hoop gee. Kyk na die gedeelte in Jesaja en soek na al die beloftes.
- Watter dinge herinner die Here vir jou om nie te vergeet nie?

## 4 Bid

Jy is ook 'n profeet! Maak die woorde van Jer 1:4-10 jou eie en gebruik dit om te bid dat die Here deur jou sal werk.

## 5 Doen

Gebruik hierdie week die DinkJeug Familie App om saam te luister en te gesels oor die eerste 6 "prettige profete".

Kyk ook na die video op YouTube met die naam "God's Story: prophets".